Domineeswerk méér as kerklike ambag

Pieter Fourie

Johann Symington

'Om Dominees te help om van die 'blues' ontslae te raak". "Om kennis en vaardighede te stimuleer en die bloumaandagdominee se dag vir hom vroliker in te kleur en die voorreg van predikantwees te vier". Só het ons in die vorige *Kruisgewys* geskryf oor waarom Bybel-Media vir alle dominees, dosente en predikante in sinodale diens ses maal per jaar *Kruisgewys* gratis stuur.

Bybel-Media se visie is om 'n vennoot in geloof en bediening te wees. Dit doen ons op allerlei maniere. Een daarvan is om te help dat kerkleiers, te midde van vol programme wat nie altyd genoeg leestyd toelaat nie en begrotings wat nie noodwendig genoeg geld vir boeke voorsien nie, op 'n manier ingelig bly oor wat in die kerk en die teologie gebeur.

Daarom is Bybel-Media betrokke by *Kerkbode*, die NG Kerk se vernaamste kommunikasiemiddel met gewone lidmate en gemeentes. Dis opvallend hoe die graad van kerklike ingeligtheid tussen gemeentes en kerkrade verskil waar op dié blad ingeteken en dit gelees word, en waar dit nie gebeur nie.

Aan die ander kant van die spektrum is Bybel-Media betrokke by 'n akademies-teologiese tydskrif soos die *NGTT*. Alhoewel die blad sy eie onafhanklike redaksie en akademiese akkreditasie het, bied Bybel-Media die infrastruktuur waarbinne dit saamgestel en aan meer as 500 intekenaars landwyd versprei word.

Hier tussenin val *Kruisgewys*. *Kruisgewys* is onbeskaamd primêr 'n blad vir dominees, een wat hulle denke wil prikkel – maar op 'n manier dat dit selfs ná 'n dag se harde werk gelees kan word en nog steeds verstaanbaar is ... Dit is dus teologie – maar dan teologie só aangebied dat dit moeiteloos gelees en maklik verteer kan word.

Daar was 'n tyd toe gemeentes gedink het goeie dominees is altyd op straat – êrens besig met huis-, siekebesoek of watter ander "kerkwerk" ook al. Die eise van predikantswerk vandag wys toenemend op die onhoudbaarheid van so 'n eensydige opvatting. Sonder goeie teorie (teologie), is ons hoogstens kerklike ambagslui wat gou sal uitvind dat ons gereedskap obsoleet is vir die taak wat ons moet verrig.

Die Prediker het weliswaar in een van sy meer moedelose buie vir ons gewaarsku: "Aan baie boeke maak kom geen einde nie, en baie studie is vermoeiing van die vlees." Dit neem egter niks daarvan weg nie dat ons as dominees deurlopend moet studeer en moet lees. Hoe anders gaan ons opgeskerp bly vir die steeds veranderende en uitdagende konteks waarbinne ons die evangelie wil laat grondvat?

Soms is dit makliker gesê as gedoen. Met dié *Kruisgewys*-poging (wat na meer as 2 000 adresse toe gaan en so terloops nogal 'n paar Rand kos), in samewerking met GDN, vertrou Bybel-Media dat ons dominees wel 'n klein bietjie daarmee help – en dat dit daarom geld goed spandeer is!

Hopelik vind jy in hierdie uitgawe van *Kruisgewys* stof tot nadenke. As jy kommentaar wil lewer, skryf gerus aan ons. Die adres is pieter@bmedia.co.za, symington@tydskrifte.co.za of chris@gemeentes.co.za.

- ***Pieter Fourie*** *- Direkteur: Media (Bybel-Media)*
- ***Johann Symington*** *- Direkteur: Kommunikasie (NG Kerk)*